SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

SAG #1 netwerk VIR JOU LEWE

"Verdra mekaar en as enigiemand 'n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar. Soos die Here julle vergewe het, so moet julle ook vergewe.' Kolossense 3:13

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Mag en Krag in Eenheid

*"Eendracht Maakt Macht"* – hierdie woorde, wat eens die leuse van die ou Transvaal was, dra 'n krag wat ons as gelowiges nie kan ignoreer nie. Dit is 'n leuse wat sy oorsprong in Nederland het, waar dit in die 16de eeu 'n roepstem vir eenheid was teen buitelandse oorheersing. Die leuse het later België se amptelike motto geword ná hul onafhanklikheid in 1830.

Deur die geskiedenis heen het hierdie beginsel nasies en gemeenskappe geïnspireer om verdeeldheid te oorkom. Die Nederlandse en Belgiese geskiedenisse is 'n bewys dat ware vooruitgang nie in isolasie gebeur nie, maar deur samewerking en gedeelde doelwitte. Selfs in Amerika vind ons 'n soortgelyke idee in die leuse *E Pluribus Unum* ("Uit baie, een"). In beide hierdie leuses, beklemtoon die drie woorde 'n eenvoudige, maar diepgaande waarheid: waar mense saamstaan, is daar krag.

Vir Christene is hierdie boodskap persoonlik en van wesenlike belang. God self bestaan in die Drie-eenheid – Vader, Seun en Heilige Gees. Die Woord van God roep ons, Sy kinders, op om saam te staan: *"Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees gee, te bewaar deur in vrede met mekaar te lewe"* (Efesiërs 4:3). Ware eenheid beteken nie almal moet dieselfde wees nie. Die liggaam van Christus bestaan immers uit baie dele, elkeen met sy eie rol en gawe (1 Korintiërs 12:12). Wanneer ons, ons verskille erken en respekteer, maar steeds as een liggaam leef, is ons 'n kragtige getuienis vir en in die wêreld.

Jesus het gebid: *"Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U"* (Johannes 17:21). Dit is 'n oproep vir ons as gelowiges – ons is gestuur om in liefde saam te staan, om mekaar se sterkpunte te erken en om te leef as 'n gemeenskap wat deur God se Gees verenig is. Want waar ons in Christus saamstaan, daar is werklik krag.

Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Gestuurdes wat Saamstaan

'n Gemeente wat saamstaan, is 'n gesonde liggaam wat groei. Paulus gebruik die beeld van die liggaam om te wys hoe elke lid 'n belangrike rol het: *"Net soos die liggaam een is en baie dele het, en al die dele van die liggaam, hoewel baie, saam een liggaam vorm, so is dit ook met Christus"* (1 Korintiërs 12:12). Niemand is te klein of onbelangrik in God se huis nie. Wanneer ons mekaar ondersteun en versterk, bou ons 'n gemeente waarin elke individu floreer – geestelik, emosioneel en selfs prakties. Dit is hier waar 'n nuwe gelowige geloofsbegeleiding ontvang, waar iemand wat swaarkry bemoediging vind en waar ons mekaar help om ons Godgegewe roeping uit te leef.

Soos 'n netwerk van boomwortels wat mekaar versterk, so moet die gemeente as 'n netwerk funksioneer. Verbind tot mekaar – wanneer een lid swak voel, dra die ander hom; wanneer een lid geseën word, prys ons God saam. Dit is waarom Paulus skryf: *"Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees gee, te bewaar deur in vrede met mekaar te lewe"* (Efesiërs 4:3). 'n Gemeente wat in ware eenheid leef, straal 'n liefde en krag uit wat 'n wêreld in nood kan verander. Want in Christus is ons sterker saam!

Gedurende hierdie volgende maand vier ons Paasfees. Die boodskap van Paasfees is een van oorwinning, tot eenheid – deur Jesus se offer het Hy ons bymekaar gebring as God se familie. Christus het gesterf sodat ons versoen kan wees met God én met mekaar. 'n Gemeente wat in Sy opstandingskrag leef, in Sy Liefde saamstaan en mekaar liefhet, straal 'n lig uit wat 'n gebroke wêreld kan verander in 'n plek van genesing, bemoediging en groei. Hiervoor stuur Jesus my en jou.

Waar gaan jy hierdie Paasfees wees?
Andre

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE

GUILDFORD PAASDIENS
BYBELETE EN VASVRA
RESEP VAN DIE MAAND
MANNE NAWEEK
KIND WORDS
HEAVEN AND HELL
AN EASTER POEM
THE SWEET TRUTH EASTER
KONTAK ONS




## Gesamentlike Paasdiens 2025

Sondag 27 April om 10 uur
Na die diens kuier ons saam.

Spyskaart:
Lamskerrie en rys
Malva poeding

Volwassenes: £13.50
Kinders: 5-12 Jaar £6.75    0-4Jaar  Gratis
Koop jou kaartjie hier
Bring asb eie drinkgoed en glase.

Adres: King's College, Southway, Guildford, GU2 8DU

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Bybel ete en vasvra



## 6 April 10:00

**Lees asb die boek Jona vir die Bybel vasvra.**
**Dit is baie maklike algemene Bybelkennis vrae.**
**Jy kan in jou Bybel opsoek en met jou spanmaats koukus oor die antwoorde**

Almal word genooi om vir hul 'n mandjie met kos wat in die Bybel genoem word saam te bring. Gaan loer in die Bybel watter kossoort en produkte al vir jare geëet word, en steeds gunstelinge is.
Voorbeelde is kaas, vrugte, brood, groente, sop, melk ens.
Jy kan selfs nagereg soos dadelhappies, heuningkoek, piesangbrood of appeltert maak.
Vir enige navrae kontak Helena helena@sagemeente.com

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Suurlemoenteebrood



**Bestanddele:**
375 ml  gemaalde amandels
190 ml koekmeel
7 ml bakpoeier
2 ml sout
180 ml olie
250 ml suiker
Sap en fyngerasperde skil van 1 groot suurlemoen
3 ekstra groot eiers

**Versiersel**
250 ml versiersuiker, gesif
Sap en fyngerasperde skil van 1 groot suurlemoen

**Metode:**
Voorverhit die oond tot 180 grade C en smeer ‘n middelslag- broodpan met olie /spuit met kleefwerende kossproei.
Voer uit met bakpapier en smeer of spuit weer.
Meng die gemaalde amandels, koekmeel, bakpoeier en sout saam in mengbak.
Klits die olie, suiker, suurlemoensap en -skil en eiers in ‘n ander bak tot lig en dik.
Voeg die olie-en-eiermengsel by die droë bestanddele en meng tot ‘n dik skepbeslag vorm.
Skep in die pan en bak vir ongeveer 1 uur tot die broodjie deurgaar en goudbruin is.
Laat vir ongeveer 5 minute in die pan afkoel voordat jy die broodjie op ‘n draadrak uitkeer.
Laat afkoel tot by kamertemperatuur.
Sodra die broodjie afgekoel is, sit die draadrak bo-op ‘n bakplaat.

**Vir die versiersel:**
Meng die versiersuiker en suurlemoenskil goed.
Voeg die suurlemoensap druppel vir druppel by terwyl jy roer om ‘n smeerbare, gladde versiersel te kry.
(Wees versigtig om te veel sap by te voeg en die versiersel te dun te maak)
Smeer die versiersel oor die afgekoelde broodjie en laat dit teen die kante afloop.
Laat staan op die draadrak tot die versiersel hard geword het.
Bêre die broodjie in ‘n koekblik of lugdigte houer.

Baie dankie Erika van der Bijl dat jy jou staatmaker resep met ons gedeel het! Dit lyk heerlik!!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Sjokoladeringkoek met stroop



**Bestanddele:**
250 ml koekmeel
250 ml suiker
60 ml kakao
2 ml sout
10 ml bakpoeier
125 ml kookwater
125 ml olie
4 eiers geskei

**Stroop:**
180 ml ingedampte melk
125 ml suiker

Gekrummelde flake of gerasperde sjokolade

**Metode:**
Voorverhit die oond tot 180 grade C en smeer 'n ringkoekpan van 25 cm
Meng die droë bestanddele.
Klits die kookwater en olie saam.
Voeg die eiergele by die olie- en - watermengsel en klits goed.
Voeg die vloeistofmengsel by die droë bestanddele en meng deur.
Klits die eierwitte styf en vou by die beslag in.
Skep in die pan en bak vir 25-30 minute tot deurgaar.

**Vir die stroop:**
Verhit intussen die ingedampte melk en suiker stadig, terwyl geroer word, tot kookpunt.
Sodra die koek uit die oond kom, prik die koek oraloor en giet die warm stroop oor. (Die stroop sal te veel lyk, maar alles sal intrek.)
Laat afkoel.

Sprinkel flake of sjokolade oor.

Baie dankie Erika van der Bijl dat jy jou staatmaker resep met ons gedeel het! Dit lyk heerlik!!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Manne Naweek

























(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • APRIL 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Manne Naweek











SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Manne Naweek

















SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Manne Naweek











Be the Change
you wish to see
in the world!

Mahatma Gandhi






(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • APRIL 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Manne Naweek











PSALMS 86
[12] Met my hele hart sal ek U prys, Here my God,
u Naam altyd eer,

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Manne Naweek







Jesus antwoord hom: " 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Matt 22:37





SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Manne Naweek







You Become What You Believe.
Oprah Winfrey





Kindness is free....

CHOOSE kindness





# Kind words

A worker was employed at a frozen fish factory.
One day, while doing his job, he accidentally closed the refrigerator door while he was inside. He began shouting for help, but the workday had ended, and no one was left in the factory. Realizing this, he understood he was about to freeze to death.

However, at some point, the factory guard opened the refrigerator door and saved him from a terrible and certain death.

The factory manager asked the guard:
"How did you know the worker was still inside and hadn't left?"

The guard replied:
"None of the workers ever greets me except for him. He always smiles at me and asks how I'm doing. That day, at closing time, I neither saw nor heard him. I knew– I was sure–he was still in the factory, so I searched for him until I found him."

*A kind word saved that man's life. Kindness leaves an imprint on minds and hearts, melts even ice, opens iron doors, and can save lives.*



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Heaven and Hell

A man was having a conversation with the Lord one day and said,
"Lord, I would like to know what Heaven and Hell are like."

The Lord led the man to two doors.
He opened one of the doors and the man looked in.
In the middle of the room was a large round table. In the middle of the table was a large pot of stew, which smelled delicious and made the man's mouth water.

The people sitting around the table were thin and sickly. They appeared to be famished. They were holding spoons with very long handles that were strapped to their arms and each found it possible to reach into the pot of stew and take a spoonful. But because the handle was longer than their arms, they could not get the spoons back into their mouths.
The man shuddered at the sight of their misery and suffering.
The Lord said, "You have seen Hell."

They went to the next room and opened the door.
It was exactly the same as the first one. There was the large round table with the large pot of stew which made the man's mouth water. The people were equipped with the same long-handled spoons, but here the people were well nourished and plump, laughing and talking.

The Man said, "I don't understand."
"It is simple," said the Lord. "It requires but one skill. You see,
they have learned to feed each other, while the greedy think only of themselves."

**"Remember this, when Jesus died on the cross, he was thinking of you."**

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# On the Third Day

by Margaret Wideyke

An Easter Poem

As pale streaks of coral open
The closed, dark, night time skies,
Two women trudge the dusty road
That leads to the place where He lies.
Bring burial spices, they enter,
Subdued by all that happened before.
As they near the tomb they remember
The rock that blocks the door.
But when they reach the site,
The rock stands at one side,
And within, an angel dressed in white
Speaks of their Lord who was crucified.
"This is the place where they laid Him,
But He is not here. He is not dead.
Carry the word to His friends:
He has risen as He said."
Joyful, astonished, afraid to believe,
For a moment, they stand paralyzed.
Then they rush to report what the angel said
As the glorious sun is on the rise.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •APRIL 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

6 APRIL EREDIENS 10 UUR

13 APRIL HUISKERK 9 UUR

20 APRIL PAASDIENS 10 UUR BENTLEY HEATH SOLIHULL

27 APRIL GESAMENTLIKE PAASDIENS GUILDFORD 10 UUR

# The SWEET Truth of Easter




### Bethany Tapp

These candies tell a story-
the best news you'll ever hear.
~It's about Jesus dying on the cross
so that we could be brought near.

So hold them and turn them and you will see...
the "M" become a "W", an "E" and then a "3"

The "E" stands for Easter..
God's everlasting love and His eternal plan.
It reminds us of the cross
and the way God rescued sinful man

The "3" represent the 3 days Jesus spent in the grave....
By His death, His children He did save

The "M" reminds us of the mercy the Messiah showed
as He died in our place
and the miracle of the resurrection
so we can see Him face to face.

The "W" reminds us... that He alone
is Worthy of our worship and praise
and calls us to be His Witnesses
around the world for all our days.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**


Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com


**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

# Kontak Helena




Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com